SPRAAKTAALTERAPEUTIESE ONDERSTEUNING IN DIE HOËRSKOOL

INLEIDING

In Jan Krielskool het die betrokkenheid by die ouer taalleergestremde aanvanklik met enkele leerders begin, maar soos die diens gevestig en bekend geword het, het die diens na meer hoërskoolleerders uitgebrei. In dié stadium is dit ‘n onontbeerlike diens wat by Jan Krielskool aangebied word.

Tradisioneel is geglo dat spraak-taalterapie slegs tot op ongeveer 12 jaar waarde het . Min navorsing oor spraak-taalterapie by die ouer taalleergestremde leerder is gepubliseer.

SPRAAK-TAALTERAPIE IS VAN NUT VIR DIE HOËRSKOOLLEERDER

Indien spraak-taalterapie klaarblyklik nie in die voorskoolse en laerskooljare suksesvol was nie, waarom sou dit later suksesvol wees? Die antwoord lê op verskeie vlakke.

1. Die kernprobleem van die taalleergestremde is sy onvoldoende bemeestering van die basiese taalvaardighede. Die taalleergestremde moet voortdurend aan stimulasie en ontwikkeling blootgestel word.

2. Die taalleergestremde leerder ontgroei in die meeste gevalle nie sy taalprobleme nie. Navorsing het getoon dat die taalleergestremde se probleme veral op die vlakke van begrip en taaluitdrukking lê en dat hierdie probleme bly bestaan al word die leerder ouer.

3. Spraak-taalterapie wis nie die agterstande in die leerder se vroeë jare uit nie. Inteendeel, die taalagterstande kring al

wyer uit. Soos wat die kurrikulum moeiliker word, word leer in alle vakke negatief beïnvloed deur taalleergestremdheid. Sosiale funksionering en gedrag word ook bykomend negatief beïnvloed.

4. Na ‘n intensiewe periode van taalterapie in die laerskool is die leerder en die ouers dikwels “terapievoos” en die potensiaal van die leerder om verder by spraak-taalterapie te baat, gaan verlore.

5. Baie leerders se taalagterstande is nog nie geïdentifiseer as hulle in die hoërskool kom nie. Taalprobleme is dikwels gemaskeer in die vroeë skoolfase, waar die leerders die kurrikulum redelik maklik kon baasraak. Wanneer hulle egter die hoërskool betree en die kurrikulum in terme van taalvaardighede baie van hulle verg, sak hulle uit. By die leerder waar taalagterstande laat geïdentifiseer word, moet terapie dadelik in aanvang neem.

6. Taalleergestremdheid gaan dikwels gepaard met ander probleme soos: aandagafleibaarheid en hiperaktiwiteitsversteuring (ADD/ADHD), motoriese- en visueel perseptuele probleme. Dikwels is die bykomende probleme meer opvallend as die taalleergestremdheid. Terapieë fokus dikwels vanselfsprekend op die opvallende probleme en nie op die primêre taalleergestremdheid nie.

7. Voldoende taalvaardigheid is die basis van alle leer, en die taalleergestremde het nog nie die vereiste taalvlak van die kurrikulum bemeester nie. Die inhoud van die kurrikulum saam met die taalvaardighede wat vereis word om die kurrikulum te verstaan, is ewe moeilik vir die leerder om baas te raak. Abstrakte begrippe en omvattende woordeskat wat in die kurrikulum vereis word, is vir die leerders baie moeilik.

VAK- EN TAALONDERRIG ALLEEN IS NIE GENOEG VIR DIE TAALLEERGESTREMDE NIE

Die tweede vraag wat by almal ontstaan, is of taalonderrig in die hoërskoolklaskamer dan nie genoeg is vir die taalleergestremde nie.

1. Die kurrikulum maak nie voorsiening vir die individuele behoeftes van ‘n leerder nie. Die kurrikulum veronderstel dat elke leerder reeds die basiese taalvaardighede (taalbegrip, lees en skryf) bemeester het. Dit is egter in die geval van ‘n taalleergestremde nie waar nie.

2. Die kurrikulum is omvangryk. Tydens taalonderrig in die hoërskool val die klem nie primêr op die onderrig van basiese taalvaardighede nie – en dit is juis afwesigheid van hierdie vaardighede wat die taalleergestremde leerder pootjie. Hy sukkel om konsepte te ontwikkel en te veralgemeen na ander kontekste. Die spraak-taalterapeut fasiliteer die vorming en ontwikkeling van konsepte in verskillende vakinhoude.

INTERVENSIE

Die samewerking in klasverband tussen die spraak-taalterapeute en die hoërskoolonderwysers is reeds gevestig. Vir hierdie waardevolle dinamiese diens is daar is nie ‘n resep nie. Die spraak-taalterapeut word deur die kurrikulum, die kind, die opvoeder se behoeftes en die beskikbare tydraamwerk gelei .

Die betrokkenheid in die hoërskool vind reeds op verskeie wyses as volg plaas:

- Die opvoeder fokus op die vakinhoud en die spraak-taalterapeut fokus op die ontwikkeling van taal en denkvaardighede. Geïntegreerde ondersteuning van konsepformasie, taalvaardighede en denkvaardighede is vir die taalleergestremde baie waardevol. Vaardighede wat so aangeleer word, maak van adolessente lewenslange leerders.
- Leerders word individueel of in klein groepies uit die klas geneem. Die inhoud van die kurrikulum word gebruik om basiese taalvaardighede te ontwikkel, vakinhoud te verstaan en skooltake te beplan en te voltooi.
- Gesamentlike klasonderrig: Die spraak-taalerapeut en die klasonderwyser ontsluit saam die vakinhoude in die kurrikulum en fasiliteer sodoende oordraging van verworwe kennis.
- Die uitruil van kundigheid en kennis tussen spraak-taalterapeut en onderwyser en ‘n positiewe vertrouensverhouding skep ‘n atmosfeer in die klas wat gunstig is vir die ontwikkeling van basiese taalvaardighede binne die kurrikulum.
- Daar word van die leerder verwag om afsprake te maak en na te kom, bereid te wees om saam te werk, doelwitte te stel en tuiswerk te voltooi. Baie van hierdie take is dikwels bykomend tot hulle gewone tuiswerkverpligtinge. Die leerder word ‘n mede-vennoot in die beplanning van sy eie leer. Wanneer die leerder besef dat hy skolasties baat by die spraak-taalterapeutiese ondersteuning, raak hy meer gemotiveerd om afsprake na te kom.

SLOT

Die voordele van spraak-taalterapeutiese intervensie vir die ouer leergestremde is vanselfsprekend. Akademiese prestasie verbeter en kognitiewe, persoonlike, lewens- en sosiale

vaardighede ontwikkel. Hieruit spruit ook voort dat beroepsvaardighede ontwikkel as voorbereiding vir die werksplek. Al hierdie vaardighede is noodsaaklik om suksesvol en onafhanklik in ‘n beroep te kan staan en van die adolosent ‘n lewenslange leerder te maak.

VERWYSINGS:

1. Brinton, B., Fujiki, M., Baldridge M. (2010). The trajectory of language impairment into adolescence: What four young women can teach us. Seminars in Speech Language, 31, 122-134.

2. Larson, V.L., McKinley, N.L. (2003). Service delivery options for secondary students with language disorders. Seminars in Speech and Language 24:3, 181-198.

3. Roth, F.P., Troia, G.A. (2009). Applications of responsiveness to intervention and the speech-language pathologist in elementary school settings. Seminars in Speech and Language. 30, 75-89.

- Helen de Wet-Krige, Elsefie Wranz
  Spraak-taalterapie en Oudiologie
  Jan Krielskool

17 Augustus 2011